GR. R-2022: AANSOEKPROSES

Dit is belangrik dat u hierdie dokument deeglik lees!

AANSOEKPROSES OPEN: **3 Mei 2021**

AANSOEKVORMS: **Beskikbaar op skool se webtuiste**
www.laerskoolfairland.co.za

NEEM ASB. KENNIS DAT GEEN VORMS VOOR 3 MEI INGEHANDIG MAG WORD NIE! GEEN E-POSSE NIE ASB.

AANSOEKPROSES SLUIT: **14 Mei 2021**

- Aansoekvorms **MOET VOLLEDIG VOLTOOI** word. **BEIDE ouers** se inligting moet op die aansoekvorm verskyn. Skryf asb. **duidelik**.
- **Die volgende dokumentasie moet die aansoekvorm vergesel:**
  - Afskrif van leerder se geboortesertifikaat
  - **ID-grootte** foto (asb. **NIE** groter as dit nie)
  - Afskrif van leerder se kliniekkaart
  - Bewys van woon- of werksadres (bring slegs bewys wat van toepassing is) Huurkontrakte **MOET** gewaarmerk wees
  - Afskrif van ID-dokumente van **beide** ouers

  Indien bogenoemde dokumentasie **NIE** u aansoekvorm vergesel nie, het u 1 week kans om dit in te handig. Indien die dokumentasie nie ingehandig word nie, word u aansoek geskrap en moet u die proses van vooraf begin.

Proses

- Die aansoekvorm met ondersteunende dokumentasie word by die hoofhek in Marketstraat by Bernhard ingehandig. Daar sal 'n houer beskikbaar wees.
- **GEEN** e-posse asb.
- 'n E-pos sal aan u gestuur word as ontvangserkenning. **LET WEL** – nie noodwendig op dieselfde dag nie – gee asb. paar dae kans.
- Die koevert moet **DUIDELIK gemerk wees met u kind se naam, van en gr. R-2022**.
- Dokumente moet asb. **nie aanmekaar gekram word nie**.

Ander inligting

- Dit is slegs 'n aansoekvorm en nie die skool se amptelike 'n inskrywingsboek nie. Inskrywingsboeke sal eers einde Oktober/begin November beskikbaar wees. Ouers sal per e-pos in kennis gestel word en gevra word om die boeke te kom afhaal.

- **Suksesvolle aansoeke:**

  - sal per e-pos in kennis gestel word (**na** 14 Mei);
  - sal later ook na die inligtingsdag genooi word (vind heelwaarskynlik in Oktober plaas);
  - gaan gevra word om deposito te betaal (bedrag sal later bekend gemaak word). Daar word geleentheid gegee om die bedrag oor 3 maande te betaal. Hierdie bedrag is aftrekbaar van skoolgeld vir 2022. Skoolgeld word eers in Oktober 2021 tydens Algemene Oudervergadering vasgestel.
    U is welkom om 'n skriftelike reëling met Karén Reyneke te tref (karen@laerskoolfairland.co.za) indien u sou verlang.

  - **Alle inligting rakende 2022 bv. klasindeling en eerste skooldag sal aan ouers per e-pos gestuur word nie later as 15 Desember 2021 nie.**

  - **Neem asb. kennis dat ALLE korrespondensie per e-pos gedoen word.**

  - **GEEN VERSOEKE VIR PLASING VAN LEERDERS MAG GERIG WORD NIE!**

LET WEL: SLEGS GR. 1-LEERDERS DOEN BY DIE GDO AANLYN AANSOEK!

Ons sien daarna uit om van julle te hoor!

Vriendelike groete

KARÉN REYNEKE
TOELATINGS

WILLIE GOOSEN
HOOF